REGLEMENT
VAN DIE
NASIONALE MOEREKOMITEE

aartappels
SUID-AFRIKA

REGLEMENT VAN DIE NASIONALE MOEREKOMITEE

1. NAAM

Die komitee staan bekend as die Nasionale Moerekomitee.

2. STATUS

2.1 Die Nasionale Moerekomitee is 'n komitee van Aartappels Suid-Afrika verteenwoordigend van die Suid-Afrikaanse moerbedryf en word deur die maatskappy, Aartappelsertifiseringsdiens, geadministreer.

2.2 Die magte, bevoegdhede en verantwoordelikhede van die Nasionale Moerekomitee is soos van tyd tot tyd deur die Moerkwekersforum bepaal.

2.3 Die lede van die Nasionale Moerekomitee het besluitnemingsmagte en besluite deur die Nasionale Moerekomitee geneem, is met inagneming van die magte, bevoegdhede en verantwoordelikhede van die Komitee, op alle geregistreerde moerkwekers van toepassing.

3. DOELSTELLINGS

3.1 Om aangeleenthede rakende die moerbedryf, met inagneming van die aanbevelings en besluite van die Moerkwekersforum, te oorweeg en om, met inagneming van die belange van die aartappelbedryf as geheel, besluite in die verband in belang van die moerbedryf te neem, insluitende –

3.1.1 Behoeftes aan moere en die verhandeling/uitvoer van aartappelmoere;

3.1.2 Identifisering en prioritisering van navorsingsprojekte om behoeftes van die moerbedryf aan te spreek;

3.2 Om aanbevelings aan die Onafhanklike Sertifiseringsraad vir Aartappelmoere te maak rakende –

3.2.1 Behoeftes ten opsigte van die sertifisering van aartappelmoere;

3.2.2 Wysigings aan die Suid-Afrikaanse Aartappelmoersertifiseringskema;

3.3 Om aanbevelings en besluite van die Moerkwekersforum en eie aanbevelings en besluite na die relevante instansies en komitees by die moerbedryf betrokke te verwys.

3.4 Wanneer die Moerkwekersforum nie in sitting is nie, is die Nasionale Moerekomitee vir die werksaamhede van die Moerkwekersforum verantwoordelik.

4. SAMESTELLING

4.1 Die lede van die Nasionale Moerekomitee bestaan uit die Voorsitters van die verskillende Streeksmoerekomitees en die addisionele lede van daardie streekskomitees, wat ingevolge die voorskrifte van die Moerkwekersforum daarvoor kwalifiseer, wat 'n geregistreerde moerkweker moet wees of hulle verkose verteenwoordigers met die voorbehoud dat die verteenwoordigers direk betrokke moet wees by die geregistreerde verbouing van aartappelmoere, sowel as twee primêre tafelprodusente wat elke tweede jaar na afloop van Aartappels Suid-Afrika (ASA) se Kongres tydens ASA se Direksievergadering aangewys word en ook op die Onafhanklike Sertifiseringsraad vir Aartappelmoere (OSRA) dien.

4.2 Die Moerkwekersforum bepaal die kriteria vir die aanwys van die lede van die Nasionale Moerekomitee.

4.3 Die lede van die Nasionale Moerekomitee word elke tweede jaar, met inagneming van die aanbevelings van die onderskeie Streeksmoerekomitees, deur die Moerkwekersforum aangewys en die amptelike bevestiging van die aanstelling van die lede van die Nasionale Moerekomitee geskied tydens die vergadering van die Moerkwekersforum.

4.4 Die samestelling van die moerprodusente-lede van die Nasionale Moerekomitee is gebaseer op die volgende:

’n Moerproduksiestreek kwalifiseer vir een Nasionale Moerekomiteelid indien aan **twee** van die onderstaande kriteria voldoen word :

- Streek 50 000 x 25 kg eenhede en meer sertifiseer onder die skema vir minstens twee agtereenvolgende jare.
- Streek 100 ha en meer registreer vir moerproduksie onder die skema vir minstens twee agtereenvolgende jare.
- Vyf en meer kwekers vir moerproduksie onder die skema registreer vir minstens twee agtereenvolgende jare.

Lidmaatskap van die Nasionale Moerekomitee verval outomaties indien ‘n betrokke streek vir twee agtereenvolgende jare aan minder as twee van die genoemde kriteria voldoen.

‘n Tweede verteenwoordiger van ’n streek kan tot Nasionale Moerkomiteelid verkies word indien:

- die aantal gesertifiseerde eenhede 1 miljoen x 25 kg eenhede en die aantal geregistreerde hektare 2 000 ha vir twee agtereenvolgende jare oorskry.

Die tweede Nasionale Moerekomiteelid verval outomaties indien die streek vir twee agtereenvolgende jare nie 2 000 ha registreer en 1 miljoen x 25 kg eenhede sertifiseer nie.

Bogenoemde kriteria, asook enige verdere kriteria kan gewysig of bepaal word soos van tyd tot tyd deur die Moerkwekersforum besluit.

4.5 Die Voorsitter van die Moerkwekersforum is *ex officio* ook voorsitter van die Nasionale Moerekomitee en wel vir die termyn wat die persoon as voorsitter van die Moerkwekersforum optree en verteenwoordig die moerbedryf op die Direksie van Aartappels Suid-Afrika. Ten einde te waak teen ‘n situasie van verdeelde belange mag die voorsitter van die Moerkwekersforum nie ‘n voorsitter van ‘n Gebiedsbestuur van Aartappels Suid-Afrika, of ‘n tafelprodusent wees nie.

4.6 Die Vise-Voorsitter van die Nasionale Moerekomitee word tydens die eerste vergadering van die Nasionale Moerekomitee na afloop van die Forum aangewys.

4.7 Indien die Voorsitter en die Onder-voorsitter van die Komitee ten tye van ’n geskeduleerde vergadering van die Komitee afwesig is, stel die teenwoordige lede ‘n voorsitter uit hul geledere vir die duur van die betrokke vergadering aan.

4.8 Die Sekretaris van Aartappelsertifiseringsdiens is vir die sekretariële pligte van die Nasionale Moerekomitee verantwoordelik.

4.9 Indien ‘n vakature op die Nasionale Moerekomitee sou ontstaan, moet die Sekretaris van die Moerkwekersforum sonder versuim daarvan in kennis gestel word. Die Moerkwekersforum moet by ontvangs van sodanige kennisgewing, of binne ‘n redelike tydperk daarna, die vakature vul deur die persoon aan te stel wat deur die betrokke produksiegebied aangewys word.

4.10 Die voorsitter van die Moerhandelaarsforum of die verkose verteenwoordiger van die Moerhandelaarsforum woon die vergaderings as waarnemer by met die voorbehoud dat die verteenwoordiger ‘n lid van die Moerhandelaarsforum is of ‘n direkte verbintenis het met ‘n lid van die Moerhandelaarsforum.

4.11 Die Hoofuitvoerende Beampte en personeel van die maatskappy Aartappelsertifiseringsdiens het sitting op die vergadering en is verantwoordelik vir die administrasie van die aktiwiteite van die Nasionale Moerekomitee.

4.12 Slegs geregistreerde produsente-lede of die verteenwoordigers van geregistreerde produsente-lede en die tafelprodusente het stemreg.

5. FUNKSIONERING VAN DIE NASIONALE MOEREKOMITEE

5.1 Die Konstitusie van die Nasionale Moerekomitee en wysigings daarvan word jaarliks deur die Moerkwekersforum hersien.

5.2 Die Nasionale Moerekomitee rapporteer aan die Moerkwekersforum.

5.3 Die Nasionale Moerekomitee vergader drie maal per jaar, waarvan een vergadering direk na afloop van die Moerkwekersforum gehou word om besluite van die Moerkwekersforum deur te voer en na die betrokke instansies/komitees binne die aartappelbedryf te verwys asook om die vise-voorsitter aan te wys.

5.4 Die Nasionale Moerekomitee vergader altyd in Pretoria, behalwe vir die vergadering wat direk na afloop van die Moerkwekersforum by dieselfde lokaliteit as die Forum plaasvind.

5.5 Sake word deur ‘n meerderheid van stemme (50% plus 1) van lede of verteenwoordigers teenwoordig by die vergadering beslis en by ‘n staking van stemme staan die saak tot die volgende vergadering oor. Indien daar weer ‘n staking van stemme sou ontstaan, word die aangeleentheid verwerp.

5.6 Die Voorsitter beskik slegs oor ‘n gewone stem en nie ‘n beslissende stem nie.

5.7 ‘n Minimum van twee derdes van die lede van die Nasionale Moerekomitee moet tydens ‘n vergadering van die Komitee in eie persoon aanwesig wees om ‘n kworum te vorm.